# rio hol rekord kis in Kaap

## rathon-debutant
## SA eindig derde

Nel

van die Sanlam
marathon het gister
ende R45 000 met 'n
lag uitgedeel.
rste drie mans in die
het al drie vinniger
0 minute gehardloop
ewens hul prysgeld,
us van R15 000 ver-

s- en vrouewenner se
s R265 000.
e en organiseerders
re lank 'n atleet of
dié vinnige tyd op eie
rdloop.
sebe het in 1990 in
beth die vinnigste
yd op Suid-Afrikaan-
2:09:50, opgestel.
rd het 26 jaar lank
ordat die Ethiopiër
gistu Negewo van
isteroggend 'n skit-
2:08:41 gehardloop

niane, Emmanuel Ti-
nabas Kiptum, wat
elik tweede en derde

geëindig het, het ook onder 2:10 gedraai.

Tirop se tyd was 2:08:47 en Kiptum s'n 2:09:21.

Die eerste Suid-Afrikaanse man was Motlokoa Nkhabutla, wat in 2:11:02 vierde was.

Negewo het gesê die feit dat daar pasaangeërs was, het beslis gehelp.

Vanjaar se roete was ook vinniger en platter as vorige jare en die weer was perfek.

Negewo en Tirop was in 'n hewige stryd gewikkel.

Die kampioen het gesê die feit dat hy die 10 km al in 28 minute 41 sekondes afgelê het, het die skaal in sy guns geswaai.

Dit was Negewo se tweede oorwinning vanjaar in Suid-Afrika. Hy het in April die eerste O.R. Tambo-marathon in Bloemfontein in 2:11:16 gewen.

Geen van die vroue-atlete kon vinniger as 2:28 klaarmaak nie. Frith van der Merwe se rekord van 2:27:37, wat ook in Port Elizabeth opgestel is, is dus nog veilig.




**Asefa Mengistu Negewo van Ethiopië steek gister die wenstreep in die Kaapstad-marathon oor. Inlas: Lebogang Phalula van Suid-Afrika het derde van die vroue geëindig. Dit was haar debuut in die marathon.**
Foto's: LULAMA ZENZILE EN JEAN DU PLESSIS

Tish Jones van Brittanje se 2:36:13 het haar die eerste plek besorg. Megertu Ifa Geletu van Ethiopië was in 2:36:34 tweede. Die Suid-Afrikaner Lebogang Phalula het in haar marathon-debuut puik gehardloop om derde te eindig (in 2:38:00).

"Dit was die beste roete ooit en die mooiste dag ooit," het Phalula gesê.

"Alles het vandag glad verloop. Ek wil God dankie sê dat hy my toegelaat het om deur te druk," het sy gesê.

Haar tweelingsuster, Lebo, was in 2015 in 2:38:55 vyfde.

"Ek het vir myself gesê as sy dit kan doen, hoekom nie ek ook nie. Almal het my vertel is baie sterker as sy.

"Ek het dit nie geglo nie, maar vandag het ek uitgevin ek is sterker as sy."

Phalula, wat vir Boxer dee neem, het gesê sy wou nie na die vierde of vyfde plek mik nie. "Ek wou ook nie die eer Suid-Afrikaner wees nie.

"Ek wou op die podium staan.

"Ek is baie bly ons kon die Keniane hakskene wys."

Phalula het gesê sy hoop s en haar suster kan volgende jaar in Londen saam aan die Wêreldbyeenkoms deelneem.

Lebo het Suid-Afrika in Au gustus in die marathon op di Olimpiese Spele in Rio de Janeiro verteenwoordig.

"As ons daar saam kon ha loop, sou ons goed gevaar het

Phalula het gesê sy het nie druk gevoel nie, en net by ha eie pas gehou.

■ Mamakoe Nkhasi het gister die mans se Vredeswedloop o 10 km in 28 minute 28 sekond gewen.

Die eerste vrou oor die wen streep was Helaia Johannes ( 32:44).

Lebo Phalula was tweede (33:25).

Meer as 10 000 atlete het aa die 10 km-wedloop deelgeneen